
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2025

# NASIENRIGLYNE

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 2)

**21 bladsye**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 C – Homogeen ✓✓

1.1.2 Aanvaar A/B/C/D ✓✓

1.1.3 A – Openbare goedere sal nie verskaf word nie ✓✓

1.1.4 B – Markstruktuur ✓✓

1.1.5 D – oligopolie markte ✓✓

1.1.6 C – Prysdiskriminasie ✓✓

1.1.7 A – Dit bepaal die onderneming se winsmaksimerende uitsetvlak. ✓✓

1.1.8 B – Firmas is vry om die mark te betree en te verlaat ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 H ✓ – al die besighede wat 'n spesifieke soort produk of diens produseer

1.2.2 C ✓ – monopolistiese mededingers maak gebruik van verskeie strategieë om met verbruikers te kommunikeer, met die hoofdoel om hul markaandeel te vergroot.

1.2.3 A ✓ – die regering kan maatskappye wat negatiewe eksternaliteite veroorsaak, reguleer deur nuwe wette in te stel of deur die bestaande wetgewende raamwerk toe te pas.

1.2.4 B ✓ – wanneer een firma 'n ander firma oorneem en daardie firma hou dan op om te bestaan

1.2.5 F ✓ – 'n markstruktuur waar twee firmas die mark oorheers

1.2.6 E ✓ – uitgawes wat reeds aangegaan is en nie verhaal kan word nie, ongeag toekomstige besluite

1.2.7 I ✓ – sommige lande verkoop hul surplusgoedere op buitelandse markte teen pryse wat laer is as die produksiekoste van die goedere.

1.2.8 D ✓ – kommersiële gesondheidsorgverskaffers beskou dit as nie-winsgewend om hierdie dienste te lewer nie, wat daartoe lei dat 'n landelike bevolking nie toegang tot bekostigbare gesondheidsorg het nie (8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 **GEE DIE TERM**

1.3.1 Produktiewe/Tegniese doeltreffendheid ✓

1.3.2 Marginale inkomste ✓

1.3.3 Natuurlike monopolieë ✓

1.3.4 Handelsmerk ✓

1.3.5 Eksternaliteite ✓

1.3.6 Produsente-subsidies/ Subsidies ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van eksplisiete koste.**

- Lone ✓
- Elektrisiteit ✓
- Huur ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is dit belangrik om toekomstige waarde aan te pas by hulle huidige ekwivalente waardes in 'n koste-voordeel-analise?**

Die aanpassing van toekomstige waardes na huidige waardes is van kritieke belang in ’n koste-voordeel-analise omdat dit verseker dat projekte op grond van hul ware ekonomiese lewensvatbaarheid geëvalueer word. ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die winsmaksimeringspunt in die grafiek hierbo.**

e/ MK=MI ✓ (1)

2.2.2 **Noem die ontbrekende kurwe (kurwe) in die diagram hierbo.**

MK/GVK ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese wins*.**

- Die wins wat bykomend tot normale wins verdien word ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.4 **Verduidelik hoe die aannames van volmaakte mededinging verskil van markte in die regte wêreld.**

- Volmaakte mededinging aannames verskil dikwels as gevolg van ongelyke toegang tot markinligting, produkdifferensiasie, hoë hindernisse tot toetrede en die oorheersing van groot firmas in nywerhede. ✓✓
- Afwykings kom ook voor van verbruikers irrasionaliteit, onverantwoorde eksternaliteite (bv. omgewingskoste in mynbou), en Staatsingrypings soos SEB en subsidies. Hierdie faktore beklemtoon variasies van die ideale model van volmaakte mededinging. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

2.2.5 **Bereken die ewewigsposisie van die firma hierbo. Toon ALLE berekeninge.**

| | |
|---|---|
| (TI – TK) ✓ | (GI – GK) x H ✓ |
| (80 x 100) ✓ – (50 x 100) ✓ | (80 – 50) ✓ x 100✓ |
| 8000 - 5000 | 30 x 100 |
| = R3 000 (Ekonomiese wins) ✓ | = R3 000 (Ekonomiese wins) ✓ |

**(Aanvaar enige ander korrekte metode wat gebruik word om die totale ekonomiese wins te bereken)** (4)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer 'n voorbeeld van nie-prysmededinging wat deur monopolistiese mededingers gebruik word.**

- Handelsmerk ✓
- Marketing ✓
- Advertensies ✓`
- 

(1)

2.3.2 **Hoeveel markte word gekombineer om 'n hibriede markstruktuur te vorm?**

Twee/2 ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *toewysingsdoeltreffendheid*.**

- Toewysingsdoeltreffendheid beteken dat goedere wat geproduseer word voldoen aan die behoeftes en voorkeure van verbruikers. ✓✓
- Die punt waar die indifferensie-kurwe gelyk is aan die PMK

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**

(2)

2.3.4 **Watter nuwe toetrede hindernisse is daar vir nuwe spaza-winkels in die gegewe mark?**

- **Registrasie en lisensies** word gebruik om te verseker dat spaza-winkels en straatverkopers aan al die relevante wetgewing en verordeninge voldoen. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3.5 **Hoe beïnvloed die beskikbaarheid van plaasvervangers prysbesluite in onvolmaakte markte?**

- Die teenwoordigheid van plaasvervangers maak verbruikers meer pryssensitief. ✓✓
- Firmas kan probeer om die mark te segmenteer om spesifieke klantgroepe wat minder sensitief is vir prys te teiken of om hul produk te differensieer om 'n waargenome gebrek aan nabye plaasvervangers te skep. ✓✓
- Dit sal mededinging tussen firmas verskerp, wat hulle dan dwing om pryse mededingend te hou om te verhoed dat markaandeel verloor word. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik kortliks Suid-Afrika se anti-monopolistiese beleid.**

- Na 1994 is 'n streng anti-monopoliebeleid aanvaar – Dit is ingestel om mededingingsbeleid in Suid-Afrika te bevorder. ✓✓

Die doelwitte van anti-monopoliebeleid is soos volg:

- Om enige beperkings op toegang tot 'n bedryf te beperk. ✓✓
- Om voorheen benadeelde groepe toegang te gee tot hulpbronne en ekonomiese mag om ekonomiese transformasie in die land te bevorder. ✓✓
- Om ekonomiese mag van die groot konglomerate in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bekamp om 'n meer gelyke verdeling van inkomste en rykdom te verkry. ✓✓
- Om besighede meer mededingend te maak sodat hulle toegang tot die internasionale markte kan kry. ✓✓
- Om ons beleide meer aan internasionale vereistes te laat voldoen. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

(4 x 2) (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5 **Hoe kan subsidies gebruik word om markmislukkings wat deur positiewe eksternaliteite veroorsaak word reg te stel?**

- 'n Subsidie is 'n betaling wat deur die regering, gewoonlik aan 'n firma, gemaak word om 'n spesifieke optrede aan te moedig. Wanneer 'n subsidie aan produsente toegestaan word, verminder dit hul produksiekoste. Dit maak dit vir hulle meer winsgewend om die goed te produseer, wat lei tot 'n toename in aanbod ✓✓
- Namate die aanbod toeneem, is die markprys geneig om te daal, wat die goedere meer bekostigbaar maak vir verbruikers. ✓✓
- Deur subsidies te verskaf, internaliseer die regering die positiewe eksternaliteite effektief. Dit beteken dat die produsent of verbruiker nou die volle koste dra of die volle voordeel van die eksternaliteite ontvang. ✓✓
- Byvoorbeeld, 'n subsidie vir navorsing en ontwikkeling in hernubare energie tegnologieë moedig innovasie aan, wat die samelewing as geheel bevoordeel deur verminderde besoedeling en verhoogde energiesekerheid. ✓
- Subsidies is 'n staatsingrypingsinstrument wat hierdie markmislukking kan help regstel. Deur finansiële aansporings aan produsente of verbruikers te verskaf, verlaag subsidies effektief die koste van produksie of verbruik, wat verhoogde uitset en verbruik van die goed met positiewe eksternaliteite aanmoedig. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde)** (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE**

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem enige TWEE kenmerke van openbare goedere.**

- Nie-mededingend ✓
- Nie-uitsluitbaar ✓
- Nie-verwerpbaar ✓
- Deurlopende verbruik/ Oneindige verbruik ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan die sluiting van ondernemings verbruikers benadeel?**

- Verbruikers het dalk minder opsies om van te kies, wat hul vermoë beperk om produkte of dienste te vind wat die beste by hul behoeftes en voorkeure pas. ✓✓
- Wanneer firmas sluit, neem mededinging in die mark af, wat tot hoër pryse vir verbruikers sal lei, aangesien oorblywende firmas minder aansporing het om pryse laag te hou. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer EEN manier waarop die voorgestelde lughawe die ekonomie van Suid-Afrika kan bevoordeel.**

- Dit stimuleer ekonomiese groei en ontwikkeling. ✓
- Dit het potensiaal om plaaslike en internasionale beleggers te lok. ✓
- Skep talle werksgeleenthede ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1)

3.2.2 **Noem enige EEN tipe voordeel wat tydens 'n koste-voordeel-analise oorweeg word.**

- Privaat voordeel ✓
- Maatskaplike voordeel ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *maatskaplike-koste***

- Wanneer goedere en dienste geproduseer word, en 'n derde party ('n individu of die samelewing) negatief daardeur geraak word. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

3.2.4 **Waarom kan die toepassing van die koste-voordeel-analise 'n uitdaging vir die regering wees?**

- Die berekening van huidige waardes vir toekomstige koste en voordele behels verdiskontering, wat staatmaak op aannames oor die toepaslike verdiskonteringskoers. Hierdie keuse kan 'n groot impak hê op die resultate en kan nie die samelewing se voorkeure akkuraat weergee nie. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

3.2.5 **Hoe kan die besluitnemers van die genoemde projek ontasbare koste en voordele aanspreek wat moeilik is om in geldwaarde uit te druk?**

- Om ontasbare koste en voordele in 'n koste-voordeel-analise aan te spreek, moet besluitnemers 'n kombinasie van waardasiemetodes, sensitiwiteitsanalise, openbare insette en etiese oorwegings gebruik. ✓✓
- Uiteindelik maak die balansering van tasbare en ontasbare impakte 'n meer omvattende ontleding moontlik, wat lei tot meer ingeligte en volhoubare beleidsbesluite. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die instansie wat die ondersoek en aanbeveling van die mededingingskommissie aanvaar of verwerp**

Mededingingstribunaal ✓ (1)

3.3.2 **Wat was die primêre rede vir die Mededingingstribunaal se besluit om Vodacom se samesmelting met MazivT te wyer?**

- Potensiële skade aan mededinging ✓
- Hoër pryse vir verbruikers ✓
- Samesmelting te verbied ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *samesmelting***

- 'n Samesmelting vind plaas wanneer twee maatskappye een maatskappy word deur 'n onderlinge ooreenkoms ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

3.3.4 **Watter effek het mededinging op pryse?**

- Met meer opsies beskikbaar, het verbruikers meer mag om die beste transaksie te kies, wat besighede dwing om hul pryse mededingend laer te hou. ✓✓
- Mededinging help oor die algemeen om pryse te verlaag, so wanneer besighede om kliënte meeding, verlaag hulle dikwels pryse om meer kliënte te lok, wat goedere en dienste meer bekostigbaar maak. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

3.3.5 **Hoe bevorder die Mededingingskommissie regverdige mededinging tussen groot ondernemings en KMMO's in Suid-Afrika?**

- Die Kommissie ondersoek en tree op teen anti-mededingende praktyke deur groot ondernemings wat KMMO's kan benadeel deur die misbruik van oorheersing deur groot ondernemings te voorkom. ✓✓
- Die Kommissie beoordeel samesmeltings om te verseker dat dit nie KMMO's benadeel of mededinging verminder nie. Dit kan samesmeltings verhoed of voorwaardes stel wat vereis dat groot firmas KMMO's moet ondersteun, soos die bevordering van KMMO's in voorsieningskettings of die behoud van geleenthede vir kleiner mededingers. ✓✓
- Die Kommissie kan markondersoeke doen na sektore waar KMMO's sukkel as gevolg van sistemiese hindernisse waar hulle KMMO's se marktoegang kan verbeter of onbillike praktyke deur dominante rolspelers kan verminder. ✓✓


**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.4 Verduidelik, met behulp van 'n goed-benoemde grafiek, die heffing van belasting as 'n gevolg van 'n markmislukking. (Belasting op verbruikers?) (4 x 2)




(Maks. 4)

| **Puntetoekenning vir grafiek:** | (Maks. 4) |
|---|---|
| Benoeming van as | 1 punt |
| Benoeming op as | 1 punt |
| Oorspronklike ewewigspunt/oorspronklike aanbodkurwe | 1 punt |
| Nuwe ewewigspunt/nuwe aanbodkurwe | 1 punt |
| Aanduiding van skuif van aanbodkurwe | 1 punt (Maks. 4) |

- Die regering sal 'n belasting hef as daar 'n ooraanbod en oorverbruik van demerietegoedere is✓✓ (bv. dobbelary, sigarette)✓
- Die gepaste manier vir die regering om in die mark in te gryp is deur belasting te hef as 'n metode om eksterne koste te verhaal en verbruik te ontmoedig. ✓✓
- Die oorspronklike markewewig by e, met P as die ewewigsprys en H as die ewewigshoeveelheid ✓✓
- Met die instelling van belasting, skuif die oorspronklike aanbodkurwe (AA) na links na 'n nuwe aanbodkurwe ($A_1 A_1$) ✓✓
- Die belasting verhoog die prys van P na $P_1$, die hoeveelheid sal verlaag van H na $H_1$ ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** **(Maks. 4)** (8)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5 **Hoe beïnvloed die aanname van volmaakte inligting die gedrag van firmas en verbruikers in 'n volmaak mededingende mark?**

**Gedrag van firmas**

- Volmaakte inligting stel ondernemings in staat om winsgewende markgeleenthede te identifiseer, wat vrye toegang dryf wanneer winste hoog is en uitgang wanneer winste laag is, wat uiteindelik tot langtermyn-markewewig lei. ✓✓
- Volmaakte inligting laat ondernemings toe om hul onvermoë om die heersende markprys te beïnvloed te erken, wat hulle prysnemers maak wat die mark bepaalde prys aanvaar. ✓✓
- Volmaakte inligting motiveer ondernemings om produksie doeltreffendheid te optimaliseer deur hulle in staat te stel om insetpryse en produksietegnieke maklik te vergelyk om koste te verminder en mededingendheid te handhaaf. ✓✓

**(Maks. 4)**

**Gedrag van verbruikers**

- Volmaakte inligting bemagtig verbruikers om ingeligte aankoop besluite te neem deur volledige kennis van produkpryse, kwaliteit en beskikbare alternatiewe te verskaf, wat hulle in staat stel om waarde vir hul geld te maksimeer ✓✓
- In volkome mededingende markte toon verbruikers hoë prys sensitiwiteit en skakel maklik oor na verskaffers wat die laagste pryse vir homogene produkte bied. ✓✓
- Hulpbronne word gerig op die produksie van goedere en dienste waaraan verbruikers die meeste waarde heg. ✓✓ **(Maks. 4)** (8)

(**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde)**

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE**

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE nadele van onvolmaakte markte.**

- Ondoeltreffend in produksie ✓
- Kopers betaal 'n hoër prys ✓
- Ondoeltreffende gebruik van hulpbronne ✓
- Produseer teen hoër koste ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom sal dit nie voordelig wees vir ’n volmaak mededingende firma om sy pryse te verhoog nie?**

Alle volmaakte mededingers is prysnemers. ’n Prysverhoging sal veroorsaak dat die firma sy kliënte laat verloor aangesien hulle na ander firmas sal oorskakel omdat hulle geen rede het om meer vir dieselfde produk te betaal nie. ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 4.2 DATARESPONS

4.2.1 **Hoeveel firmas kan in 'n oligopolie markstruktuur gevind word?**

min ✓ (1)

4.2.2 **Wat is die aard van die produkte wat deur 'n gedifferensieerde oligopolie verkoop word?**

heterogeen ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *samespanning*.**

- Samespanning vind plaas wanneer oligopolieë in dieselfde bedryf pryse en hoeveelhede manipuleer en vasstel om hul wins te maksimeer ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

4.2.4 **Watter impak het TikTok op die mark in Suid-Afrika gehad?**

- TikTok se doeltreffendheid in sy produk toon, klant betrokkenheid en generering van verkope het die uitbreiding van e-handel platforms aangevuur terwyl dit terselfdertyd verbruikersbestedingspatrone verander het. ✓✓
- Met Suid-Afrika wat hoë jeugwerkloosheid in die gesig staar, bied TikTok 'n belangrike manier vir jong individue om inkomste te genereer en selfs volhoubare besighede te bou.✓✓
- Baie newe-besighede gebruik TikTok vir bemarking en verkope, wat vlietende kyke in werklike transaksies omskep.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

4.2.5 **Hoe kan prysleierskap tot stilswyende samespanning lei?**

- 'n Dominante firma sal hoër pryse vra en kleiner firmas sal volg.
- Firmas vermy dit om aan prysoorloë deel te neem, wat die samespanning prysreëling sal ontwrig en winste vir alle spelers sal verminder. ✓✓
- Hoë hindernisse vir toetrede ontmoedig nuwe firmas om die mark te betree en ontwrig die samespannende prys bepaling ooreenkoms. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

## 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer die konsep wat die veranderlike koste per eenheid geproduseer, aandui.**

Gemiddelde veranderlike koste ✓ (1)

4.3.2 **In watter produksietydperk kan 'n perfekte mededinger 'n ekonomiese wins maak?**

Korttermyn ✓ (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *marginale produk.***

- Die marginale produk in ekonomie verwys na die bykomende uitset wat geproduseer word deur die toevoeging van een ekstra eenheid van ‘n insetfaktor. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

4.3.4 **Wat beteken "P = GI" in hierdie konteks?**

- Die firma is 'n prysnemer en kan elke eenheid teen die markprys in 'n volmaak mededingende mark verkoop. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

4.3.5 **Waarom is die vermoë om veranderlike koste te dek belangriker vir oorlewing in 'n volmaak mededingende mark as in markte waar daar minder mededinging is?**

- Hulle is prysnemers en moet die markprys aanvaar, om veranderlike koste te dek is noodsaaklik vir hul korttermyn-oorlewing. ✓✓
- Voortgesette produksie sal net tot groter verliese lei aangesien die firma nie in staat sal wees om die veranderlike uitgawes te verhaal nie. ✓✓
- In minder mededingende markte kan maatskappye met prysmag pryse aanpas om veranderlike koste te dek en by te dra tot vaste koste, wat hulle in staat stel om uitdagende tydperke te oorleef en hul strategieë vir langtermyn winsgewendheid aan te pas. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks produkdifferensiasie as 'n eienskap van 'n monopolistiese mededingende firma.**

- Monopolistiese mededingers gebruik produkdifferensiasie om verbruikers te oortuig dat hul produkte en dienste onderskeibaar is van hul mededingers. ✓✓
- Die produkdifferensiasie wat deur monopolistiese mededingers gebruik word, kan werklik of ’n persepsie wees (denkbeeldig). ✓✓
- Deur produkdifferensiasie kan besigheid binne monopolistiese mededinging 'n spesifieke persepsie van hul goedere en dienste by verbruikers skep. ✓✓
- Die kenmerkende eienskappe wat besighede gebruik om hul produkte van mededingers te onderskei, stel hulle in staat om toegang tot 'n verbeterde markaandeel te verkry. ✓✓
- Om 'n produk suksesvol te onderskei skep hindernisse vir toetrede vir nuwe mededingers, aangesien dit aansienlike hulpbronne en innovasie verg om die unieke waarde-aanbod te herhaal. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (4 x 2) (8)
**Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 **Ontleed die effek op 'n volmaakte mededingende firma om 'n prysnemer in die mark te wees.**

- Ondernemings bereik produktiewe doeltreffendheid (produksie teen die laagste koste) en toewysings-doeltreffendheid (hulpbronne wat toegewys word om aan verbruikers voorkeure te voldoen). ✓✓
- Homogene produkte skakel die behoefte aan advertensies uit, wat onnodige koste verminder. ✓✓
- Op die korttermyn kan maatskappye tydelik winste verdien of verliese aangaan, maar mark aanpassings herstel ewewig. ✓✓
- Op die langtermyn werk maatskappye op die laagste punt van hul gemiddelde totale koste (GTK) kurwe, wat stabiele, doeltreffende produksie verseker. ✓✓
- Prysnemer-firmas fokus op kostedoeltreffendheid en uitset optimalisering. ✓✓
- Intense mededinging en mark aanpassings lei tot geen ekonomiese wins op langtermyn, wat doeltreffende hulpbrongebruik en mededingende pryse verseker. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer/Teken ’n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik.<br>**’n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Addisionele deel**: Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor.<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is.<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is.<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk.<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra.<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in detail die volgende ewewigsposisies van ’n monopolie volledig:**
  - **Ekonomiese wins en ekonomiese verlies (korttermyn) sonder 'n grafiek**
  - **Ekonomiese wins (lang termyn) met 'n grafiek (26 punte)**
- **Evalueer of bonormale wins altyd noodsaaklik is vir die voortbestaan van firmas in volmaakte mededinging en vir monopolieë. (10 Punte)**

**INLEIDING**
’n Monopolie bestaan waar daar net een verkoper van 'n produk is, waar die produk geen naby plaasvervangers het nie, en waar hindernisse toetrede tot die mark heeltemal blokkeer.✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)** (Maks. 2)

**LIGGAAM**
**HOOFDEEL**

**Korttermyn-ewewig**
- Die monopolie, soos enige ander produsent, sal koste hê wat hy sal moet betaal. ✓✓

**Ekonomiese wins:**
- Op die korttermyn kan 'n monopolie ekonomiese wins verdien. Dit vind plaas wanneer die prys (GI) wat die monopolis vra, groter is as die gemiddelde totale koste (GTK) van produksie. ✓✓
- Die monopolis sal die uitsetvlak produseer waar marginale inkomste (MI) gelyk is aan marginale koste (MK). Op hierdie uitsetvlak sal die prys wat gehef word, hoër wees as die GTK. ✓✓
- Die verskil tussen die prys (GI) en die GTK per eenheid, vermenigvuldig met die hoeveelheid geproduseer, verteenwoordig die ekonomiese wins. ✓✓


**Ekonomiese verlies:**
- Op die korttermyn kan 'n monopolie ook ekonomiese verliese lei. Dit gebeur wanneer die prys (GI) wat gehef word, minder is as die GTK. ✓✓
- Die monopolis sal steeds produseer waar MI gelyk is aan MK, maar die prys sal onder die GTK wees. ✓✓
- Die verskil tussen die GTK en die prys per eenheid (GI), vermenigvuldig met die hoeveelheid geproduseer, verteenwoordig die ekonomiese verlies. ✓✓
- Al ly die monopolis ekonomiese verliese, sal hy voortgaan om op die kort termyn te funksioneer solank die prys (GI) groter is as die gemiddelde veranderlike koste (GVK). ✓✓
- Dit is omdat die monopolis sy verliese kan verminder deur voort te gaan om te produseer en sommige van sy vaste kostes te dek. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Ekonomiese wins (langtermyn) met 'n grafiek**




| | |
|---|---|
| **Puntetoekenning vir grafiek:** | |
| Etikettering van asse | 1 punt |
| Korrekte tekening en byskrifte van kostekurwe | 1 punt |
| Korrekte tekening en byskrifte van inkomstekurwe | 1 punt |
| Winsmaksimering | 1 punt |
| Skadu area (wins) | 2 punte |

- 'n Langtermyn ekonomiese wins verwys na 'n situasie waar die monopolie se totale inkomste sy totale koste oorskry. ✓✓
- Winsmaksimering vind plaas waar langtermyn marginale inkomste = langtermyn marginale koste. Dit word by punt e aangedui. ✓✓
- Winsmaksimeringpunt is by punt E (LMK = LMI) waar produksie Q1 is teen 'n prys van P1 per eenheid/Die monopolis sal produseer by $Q_1$ (100) (winsmaksimeringspunt E) teen 'n prys van P1 (10). By hierdie produksievlak is die langtermyn gemiddelde inkomste R10 en die langtermyn gemiddelde koste R7. ✓✓
- Daarom maak die monopolis 'n wins van R3 per eenheid (totale ekonomiese wins van R300). ✓✓ Die totale ekonomiese wins word verteenwoordig deur die ingekleurde area. ✓✓
- Die langtermyn marginale kostekurwe sny die langtermyn gemiddelde koste by die minimum punt van die langtermyn gemiddelde kostekurwe ✓✓
- Die monopolie se langtermyn gemiddelde kostekurwe lê onder die gemiddelde inkomstekurwe, wat aandui dat 'n ekonomiese wins verdien is. ✓✓

(**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (Maks. 26**)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BYKOMENDE DEEL**

- Bonatuurlike wins is meer geneig om op die lange duur meer volhoubaar te wees vir 'n monopolie as gevolg van sy markmag en toetreehindernisse. ✓✓

**Volmaakte mark**
**Positief**

- Supernormale winste op die korttermyn dien as 'n kragtige aansporing vir nuwe firmas om die mark te betree. Hierdie invloei van mededinging dryf pryse af en skakel daardie winste op die lang termyn uit. ✓✓
- Supernormale winste kan aan entrepreneurs sein dat daar 'n onvervulde vraag of 'n winsgewende geleentheid in 'n spesifieke mark is. ✓✓

**Negatief**

- In volmaakte mededinging word die langtermyn-ewewig gekenmerk deur normale winste (nul ekonomiese wins). Firmas verdien net genoeg om al hul koste te dek, insluitend die geleentheidskoste van hul hulpbronne. ✓✓
- Die strewe na korttermyn supernormale winste kan lei tot onvolhoubare praktyke, soos oorbenutting van hulpbronne of omgewingskade. ✓✓

**Monopolie mark**
**Positief**

- Supernormale winste verskaf 'n monopolie met die finansiële hulpbronne om in navorsing en ontwikkeling te belê, wat lei tot tegnologiese vooruitgang en produk-verbeterings. ✓✓
- Supernormale winste stel monopolieë in staat om top talent, soos bekwame ingenieurs, navorsers en bestuurders, te lok en te behou. ✓✓

**Negatief**

- 'n Monopolie het per definisie beduidende hindernisse vir toetrede. Selfs sonder bonormale winste kan 'n monopolis dikwels sy markkrag behou weens hierdie hindernisse. ✓✓
- Volgehoue bonormale winste kan lei tot selfvoldaanheid en 'n gebrek aan innovasie, aangesien die monopolis min mededingende druk ondervind ✓✓
- Bonatuurlike wins is meer geneig om op die lange duur meer volhoubaar te wees vir 'n monopolie as gevolg van sy markmag en toetreehindernisse.

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (Maks. 10)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Die monopolis is 'n prysmaker, maar kan nie 'n prys onafhanklik van sy uitset bepaal nie. 'n Hoër prys sal altyd minder hoeveelheid tot gevolg hê. ✓✓
**(Aanvaar enige ander relevante hoër orde slot)** (Maks. 2) **[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in besonderhede hoe die volgende faktore tot die wantoedeling van hulpbronne in die mark lei:**
  - **Onbeweeglikheid van produksiefaktore (10)**
  - **Gebrek aan inligting (8)**
  - **Onvolmaakte mededinging (8) (26 punte)**
- **Evalueer die doeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse regering se betrokkenheid by welvaartverspreiding in markte. (10 punte)**

**INLEIDING**
Mark mislukking vind plaas wanneer die kragte van vraag en aanbod nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te wys nie/wanneer markte nie daarin slaag om goedere en dienste doeltreffend toe te wys nie. ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)** (Maks. 2)

**HOOFDEEL**
**LIGGAAM**
**Onbeweeglikheid van produksiefaktore**
- Die aanbod van arbeid kan nie verhoog word nie as gevolg van die tyd wat dit neem om opgelei of opgevoed te word. ✓✓
- Arbeid neem tyd om na nuwe beroepe te beweeg en geografies as gevolg van die lang tyd wat dit neem om vaardighede op te gradeer, en familiebande te smee. ✓✓
- Fisiese kapitaal soos toerusting, geboue, grond en grondstowwe kan net teen 'n hoë koste van een plek na 'n ander beweeg. ✓✓
- Tegnologiese toepassings verander produksiemetodes soos die gebruik van robotte eerder as fisiese arbeid. ✓✓
- Met groter tegnologiese verandering is daar 'n toenemende behoefte vir werkers om buigsaam te wees, om vaardighede op te dateer, indiensneming, beroepe en werker patrone te verander. ✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Gebrek aan inligting**

- Markte reageer nie op veranderinge in verbruikersvraag as hulpbronne nie maklik hertoegewys kan word nie weens 'n gebrek aan inligting. ✓✓
- Tegniese en toewysingsdoeltreffendheid vereis dat beide produsente en verbruikers volledige en akkurate inligting het oor die koste en voordele van die goedere en dienste wat in die mark geproduseer en verbruik word. ✓✓
- Produsente en verbruikers neem produksie- en verbruik besluite op grond van die inligting wat hulle het. ✓✓
- Wanneer inligting onvolledig of onakkuraat is, lei dit tot verkeerde besluite oor wat om te produseer, hoe om te produseer en vir wie om te produseer, en 'n vermorsing van hulpbronne vind plaas. ✓✓
- Produsente ken dalk nie al die verskillende tegnologieë en produksie tegnieke wat beskikbaar is en die verskillende hulpbronne wat die beste gebruik kan word om goedere/dienste meer doeltreffend te produseer nie. ✓✓
- Verbruikers weet dalk nie dat die prys van 'n produk laer is van ander verskaffers of oor die skadelike uitwerking van 'n produk nie, aangesien hulle dalk net hul besluite om die produk te gebruik baseer op die inligting van 'n misleidende verskaffer. ✓✓
- Werkers is dikwels onbewus van werksgeleenthede ✓✓

**Onvolmaakte kompetisie**

- In markekonomieë word mededinging dikwels deur markkrag verswak omdat mag dikwels in 'n groter mate by produsente as by verbruikers lê. ✓✓
- Die meeste besighede funksioneer onder toestande van onvolmaakte mededinging wat hulle in staat stel om uitset te beperk, pryse te verhoog en te produseer waar die prys marginale koste oorskry. ✓✓
- Monopolieë en oligopolieë beperk aanbod om wins te maksimeer en kan ook verhoed dat nuwe besighede die bedryf betree. ✓✓
- Hulpbronne word onder toegewys aan die produksie van goedere en dienste wat onder-toestande van onvolmaakte mededinging geproduseer word. ✓✓
- Die regering kan kies om niks aan onvolmaakte mededinging te doen nie en vertrou dat groot winste mededingers na die mark sal lok of dit kan die mark reguleer deur mededingingsbeleid. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (Maks. 26)
**(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**BYKOMENDE DEEL**

- Suid-Afrika beskik oor een van die wêreld se grootste ongelykheid in welvaart. ✓✓
- Oordragte, maatskaplike uitgawes en BBSEB is effektief aangewend om ongelykhede wat deur apartheid geskep is, te verminder. ✓✓
- Die regering het welvaartbelasting spaarsamig gebruik/'n welvaartbelasting kan welvaartsongelykheid verlaag en terselfdertyd ekstra inkomste vir die regering genereer. ✓✓
- Die regering het nie daarin geslaag om aansienlike inklusiewe ekonomiese groei te bevorder nie. ✓✓
- Die regering het onderwysbeleide effektief gebruik om geleenthede vir minderbevoorregtes te skep om geloofsbriewe te bekom en beter lone te behaal. ✓✓
- Ten spyte van sekere positiewe aksies, oor die algemeen, het die regering bewys dat dit ondoeltreffend was om die ongelykheid in welvaart te verklein, aangesien dit aanhou uitbrei. ✓✓

**Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (Maks. 10)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Die regering moet versigtig wees in die bestuur van markmislukking, om te verseker dat dit lei tot die gewenste toename in ekonomiese groei, sonder om die gemarginaliseerdes en die armes negatief te beïnvloed. ✓✓

**(Aanvaar enige ander relevante hoër orde slot)** (Maks. 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS Proudly South African